

Geagte lidmaat

Hierdie brief skryf ek vanoggend aan u met 'n swaar hart, maar ook aan die ander kant met 'n hart vol hoop dat ons op nuwe maniere na ons gemeente en na mekaar sal kyk. Dat ons weer opnuut waardering sal kry daarvoor dat ons elke Sondag 'n erediens het, dat ons Bybelstudiegroepe, omgegroepe en gebedsgroepe het. Bo alles bid ek dat ons die wonder en die omvang van Jesus se kruisiging op Goeie Vrydag en Paassondag, waar ons Jesus se sterwe en opwekking vier, net weer sal vasgryp. Dit is waar ons hoop en redding en genesing lê. Jesus die gestorwe, opgestane, lewende en heersende Here oor alles. Dat ons weer waardering sal kry vir ons kerkraad en elke bediening wat hard werk om ons gemeente in stand te hou.

Miskien is dit die tyd, waarin ons in 'n groot mate afgesonder gaan wees van mekaar as medegelowiges, dat ons weer nuut na mekaar sal kyk, en mekaar sal waardeer as medegelowige, as broer en suster wat mekaar nodig het. Ons kan weer begin moeite doen om mekaar te ondersteun en te versorg, al is dit net met 'n telefoonoproep of stembodskap. Ons kan daarop let hoe ons mekaar kan beskerm, maar tog ook vir mekaar kan help.

Jy het sekerlik kennis geneem van die maatreëls wat ons regering afgekondig het om die verspreiding van die Corona virus te bekamp. Een van die groot oorwegings vir die instel van die maatreëls in ons gemeente is juis die feit dat ons gemeenskap vanweë ons ouderdomsprofiel, en die moontlikheid van onderliggende kroniese kondisies, soos bv. Diabetes baie kwesbaar is. Na baie gesprekke met leraars van ons ander Ringsgemeentes, die kennisname van ons Sinode se aanbevelings, die regering se maatreëls, en 'n in diepte gesprek deur ons kerkraad tydens 'n spesiale vergadering wat op 17 Maart gehou is, wil ons die volgende besluite wat geneem is vir jou deurgee.

1. Dat ons alle byeenkomste van ons gemeente, insluitend eredienste afstel tot 14 April 2020, wanner die skole weer open.

Die byeenkomste sluit in: Eredienste, fondsinsamelingsprojekte, vergaderings, Bybelstudies, katechese, en byeenkomste wat nie dringend noodsaaklik is nie.

In die geval van begrafnisse, versoek ons dat die bywoning van die diens net beperk word tot familie, en absolute naby vriende. Dienste kan ook in lidmate se woonhuise gedoen word.

In die geval van 'n huwelik word versoek dat die huweliksluiting eers wetlik afgehandel word, sonder al die gaste. Weer net familie en naby vriende.

Ons omgegroepe wat mense besoek se besoekwerk word ook uitgestel, maar ons gaan tog saamdink oor manier om mekaar steeds te versorg

2. Kerkkantoor.

Die kerkraad het besluit om vir u te vra, om nie die kerkkantoor te besoek nie, indien dit absoluut noodsaaklik is nie. Baie take kan telefonies afgehandel word.

3. Kontantgeld.

Die kerkraad versoek julle om asb. Nie kontant by die kerkkantoor in te betaal nie. Probeer om die elektronies, of deur die banke te doen. So wil ons die personeel wat die geld hanteer beskerm.

Die kerkraad versoek jou ook om asb. Begrip te hê vir die feit dat ons gemeente al die eredienste wat afgestel is se Erediensoffers en deuroffers nie gaan kry nie. Daarom die volgende versoek vanaf die kerkraad:

Dat jy asb. Die Erediensoffers wat jy elke Sondag sou gee, dit eenkant sal hou, en dan by die eerste erediens wat plaasvind nadat die maatreëls opgehef is, in die sakkie sal plaas. Ons waardeer jou begrip en samewerking rondom die aangeleentheid.

4. WAT NOU?

Gaan daar nou vir 'n maand lank niks gebeur nie? Die antwoord hierop is nee!

Ek gaan nog soos gewoonlik 'n boodskap voorberei vir elke Sondag en vir Goeie Vrydag en paassondag. Die boodskappe gaan ek op ons gemeente se webblad plaas. Die web adres is op ons kalenders.

Ek gaan gereeld 'n sms aan julle stuur ter bemoediging en ondersteuning.

Ek gaan steeds voort met my eie besoekwerk aan mense wat in nood is en wat siek is, en wat my per afspraak sal wil ontmoet.

Die kerkraadslede het ook onderneem om steeds hulle uitreikwerk te doen. Jy kan gerus vir hulle of vir my kontak as jy ondersteuning of hulp nodig het.

Baie belangrik is dat ons begrip en deernis vir mekaar sal hê. Ondersteun mekaar, bid vir mekaar, help mekaar, maar veral: maak seker dat jy self, ander mense en jou familie se gesondheid en veiligheid in ag neem.

As daar enige iemand is wat met my wil praat, of enige vrae het, moet asb. nie huiwer om my te kontak nie.

Groete in Christus



DS. WEHAN GELDENHUYS